**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## VAN DIE SUSTERS

Die susters nooi graag elke lidmaat na ons Nagmaalete, wat sommer ook die gemeente se afsluiting vir die jaar sal wees, DV op **Sondag, 23 November**, na die erediens. Kom geniet die Gemeenskap van gelowiges en eet heerlik saam.

Die ete is gratis, maar 'n donasie sal baie welkom wees.

Ek hoop ons sien jou daar!

Spyskaart vir Nagmaalete 23 November 2025
Skoonma se tong, Hoenderpastei
Rysslaai met eier, spek, tamatie, uie, soet rooirissie en mayonnaise, gevormde kaasslaai
Uitpakslaai – waatlemoen, pynappel, druiwe.
Nagereg – koekstruif (Trifle)

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.




# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 40 Sondag 23 November 2025
*Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste:**
**Ouderlinge:** Wyk 5 **Danie Erasmus** en wyk 6 **Gerrit Badenhorst**
**Diakens:** Wyk 5 **Riaan Schutte** en 6 wyk **Coetzer Stoop**

**EREDIENSTE** Albei eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND** Die gemeente vier vanoggend die sakrament van die Nagmaal. Ons is dankbaar om 'n aantal besoekers in ons midde vanoggend te verwelkom. Besoekers wat by die kerkraad aansoek gedoen het om saam die sakrament van die Nagmaal te vier, word hartlik uitgenooi en ook opgeskerp om die Nagmaal te vier.
**Woordbediening:** Johannes 7:10 - 36.
**Fokusvers:** Johannes 7:16-19; 28-29, vgl. Johannes 1:18 & 17: 3.
**TEMA:** ***Die Vader het sy Seun gestuur om Hom aan ons te openbaar sodat ons die ewige lewe kan hê.***
**Sing:** Psalm 36: 2, 3; Psalm 118: 2, 12; Psalm 119: 37 (tweede melodie); Skrifberyming 4-8 (5):1, 2 (Eerste melodie); Psalm 23: 3; Psalm 116:1, 4 & 2, 3 & 5, 6 & 7, 8 & 9, 10; Psalm 119: 22, 62. **Sing met meelewing:** Psalm 134:4.

---

**AAND Woordbediening:** 2 Samuel 12:1-25.
**Fokusvers:** 2 Samuel 12:6, 13.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 7.
**TEMA:** ***Deur sy Woord vernuwe God sy uitverkorenes tot berou en bekering in 'n nuwe lewe tot sy eer.***
**Sing:** Psalm 24: 2; Psalm 111: 1, 5; Psalm 51:1; Psalm 86: 6, 8; Skrifberyming 19-1: 1 (47) (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **Kerkkas**
Volgende week: **Thusofonds.**
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**NAGMAAL: HUIS EIKELAAN**
**Woensdagmiddag 26 November om 15:00** word die **Heilige Nagmaal** bedien vir lidmate wat nie meer die eredienste in die kerkgebou kan bywoon nie, bv die lidmate in die versorgingseenheid van Eikelaan. Dit word gehou in die rooi sitkamer by Huis Eikelaan.

**EREDIENS : HUIS EIKELAAN**

Volgende Sondag **30 November** sal DV **prof Henk Stoker** van die TSP om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur ouderlinge Chris van Ryssen en Frans Coetzee.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Magda Pelser-van der Merwe** wat aansterk na die ingrypende oogoperasie wat sy onlangs gehad het. Die kerkraad het aan Magda siekverlof tot 4 Desember toegestaan wanneer sy weer die spesialis wat haar oogprosedure uitgevoer het, moet sien. Ons is dankbaar dat **Berna Prinsloo** vanoggend die begeleiding waarneem. Hartlik welkom en baie dankie! Baie dankie aan **Paul Schutte** wat weer vanaand die begeleiding sal waarneem.

**Klaas en Malie Wyma** wat die afgelope week verdere ondersoeke ondergaan het. Ons is dankbaar dat die ortopediese chirurg oordeel dat Klaas nie nou al 'n operasie aan sy nek hoef te ondergaan nie. Malie sal op 4 Desember in Medikliniek 'n prosedure ondergaan.

**Mietsie Harman** moet Donderdag 'n prose-dure aan haar voet ondergaan in Mooimed.

**André Joubert** moet in die afsienbare toe-koms die kardiotoraktiese chirurg by die Zuid-Afrikaans Hospitaal gaan sien. Met 'n onlangse skandering is daar vergroeisels opgemerk wat die bloedvloei na die hart belemmer. Ons verseker André van ons voorbidding.

**Netta Schutte** moet in die komende week 'n opvolgbesoek by die chirurg in Unitas Hospitaal bring. Ons verseker Netta en Paul van ons voorbidding dat die besoek goed mag afloop.

Ons is saam met **Susan en prof. Callie Coetzee** baie dankbaar vir 'n positiewe besoek wat **Susan** die afgelope week by 'n spesialis in Unitas Hospitaal kon bring. Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade. Susan moet op 18 Desember weer 'n prosedure onder-gaan. Wees verseker van ons voorbidding.

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**DAGBOEK**

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 23/11 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente –ete** | |
| Di | 25/11 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | Rooi sitkamer |
| Wo | 26/11 | 15:00 | Nagmaalsviering Huis Eikelaan | Rooi sitkamer |
| | | 18:00 | Bybelstudie:(2 Korintiërs, studie 4) | Konsistorie |
| Do | 27/11 | 10:30 | Bybelstudie: 2 Korintiërs 1: 8 e.v. | Kerksaal |
| Vr | 28/11 | 17:30 | **Gemeente-aand en Hamburgerbraai** | Kerkterrein |
| So | 30/11 | 11:00 | Kersprogram | Kerkgebou |

**BYBELSTUDIE**

Die Bybelstudiebyeenkomste vind weer die week plaas:
Dinsdagmiddag om 15:00 in die rooi sitkamer van Huis Eikelaan. Almal is welkom.
Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie. Studie 4 van 2 Korintiërs sal aan die orde kom. Dit sal ons laaste byeenkoms vir die jaar wees.
Donderdagoggend om 10:30 in die kerksaal. Ons gaan voort met ons bestudering van 2 Korintiërs. Dit sal ons laaste byeenkoms van die jaar wees.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Woensdag 26 November is **Bennie en Wouna van der Berg 59 jaar** getroud en

29 November is **Lourens en Blanche du Plessis 45 jaar** getroud.

**ATTESTATE**
**Opgeneem in die gemeenskap:**

Ons is dankbaar om die volgende susters in die midde van die gemeente te verwelkom:

• **Leandé Swart**; woonagtig te Klinkenbergstraat 76, wyk 3, verloofde van Aucamp Klopper, word opgeneem vanaf die NG Kerk Potchefstroom-Oos.

• **Marinda Snyman** (geb. Groenewald), en woonagtig in Huis Anna Viljoen. Marinda was voorheen lidmaat van die Gereformeerde Kerk Rietvallei en die NG Kerk Hartbeespoort.



**VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK**

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Son | 23/11 | **Christa Truter,** Wyk 4 |
| Ma | 24/11 | **Anne van der Walt,** Wyk 8 |
| Di | 24/11 | **Maarten van der Walt (93),** Wyk 12 |
| Do | 27/11 | **Fanie Jooste,** Wyk 1 |

**Sing met meelewing:** Psalm 134: 4

**Dit is die laaste Gemeente-aand en Hamburgerbraai van hierdie jaar. Kom ondersteun ons Diakonie**

***HAMBURGERBRAAI***



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND
28 NOVEMBER



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384



**R 35** per hamburger. Pannekoek **R 5.** **Worsbroodjies R 35**

***KERSETE 2025 26 NOVEMBER OM 18:00***
***Aangebied deur Potchefstroom Dienssentrum***
Waar: Nederduitsch Hervormde Kerk
Tyd : 17:30 vir 18:00. Kostes : R 150 pp
Kersprogram en ete.